# Lewensvaardigheid
# Week 8

## Graad R

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO




Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

Ons het vroeër die jaar gesels oor troeteldiere, kan jy nog onthou wat 'n troeteldier is? Vertel gou vir mamma!

Dit is reg, 'n troeteldiertjie is 'n dier waarvoor jy self moet sorg. Hulle kan nie vir hulself sorg nie en hulle benodig baie aandag en liefde.

Hierdie week gesels ons oor verskillende tipes voëls. Kom ons begin sommer met voëls wat ons kan aanhou as troeteldiere.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Voëls as troeteldiere:

Het jy dalk 'n voëltjie by die huis? As jy het, weet jy dalk watter soort voël dit is?

Ons kry baie verskillende tipe voëls wat as troeteldiere aangehou kan word:



kanarie






parakiete



kokketiel

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Dan is daar ook verskillende tipe pappegaaie:



Ringnek



African Grey



Macaw



Cockatoo



Dwergpappegaai

Laerskool Mikro Kopiereg ©

As jy 'n voël as 'n troeteldier aanhou dan het hy sekere goed nodig om aan die lewe te bly:



kos



water



voëlhok



aandag

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Ons het gesê ons moet vir troeteldiere sorg, so hoe sal ons ons voëltjies versorg:



- Gee elke dag vir hulle vars sade en water.
- Maak gereeld hulle hok skoon.
- Gee baie aandag aan hulle.
- Ons moet ook gereeld hul vlerke se vere korter knip, sodat hulle nie kan wegvlieg as hulle dalk uit hulle hok kom nie.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Voëls wat in 'n voëlhok aangehou word bou nie hulle eie nessies nie. Hulle sal net eiertjies lê as jy 'n klaargemaakte nessie in hul hok sit.

As jy gereeld met jou voëltjie gesels mag hy dalk 'n hele paar woorde aanleer. Sommige pappegaaie kan vlot praat en enige geluid namaak.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Loer saam met mamma na die video van 'n pappegaai:

https://www.youtube.com/watch?v=u7TiRqh7x8s

Dit is groot pret om met jou voël-maatjie te gesels!

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Tuinvoëls:

Waar troeteldier voëls in voëlhokke aangehou word en mak is, is tuinvoëls wild en kom hulle in ons tuine voor. Hulle pas nie goed aan in hokke nie. Hul leef van saadjies, bessies en insekte wat hulle self vang en drink water by stroompies of van blomme af. Hulle bou ook hul eie nessies hoog in die bome om hul eiers in te lê.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

Kom ons kyk na 'n paar soorte voëls wat ons in ons tuin kan aantref:



mossie



suikerbekkie



duif



glasogie



swaeltjie



vinke

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Tuinvoëls lyk almal verskillend, elkeen het iets spesiaal waaraan ons hulle kan uitken. Bv:



- Die suikerbekkie se lang snawel en helder kleure.



- Die glasogies se wit kringe om hul oë.



- En die swaeltjie se stert wat in die vorm van ons v-klankie is.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

Daar is dik boeke oor al die verskillende voëls wat jy in jou tuin kan gewaar. Die voëls is skrikkerig vir mense en hou net daarvan as jy hulle van 'n afstand af dophou.



Wat kan ons doen om hierdie kleurvolle voëltjies na jou eie tuin te lok?


- Sit 'n bak water uit in die Somer en kyk hoe hulle op 'n warm dag baljaar.
- Maak 'n stukkie vrug, soos 'n appel, aan 'n boom vas. Gaan sit dan 'n entjie weg en wag vir die voëls om die vrug te ontdek.



Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Aktiwiteit:


- Teken nou op 'n A4 papier ses voëltjies.
- As jy klaar is kan jy hulle inkleur met jou kryte en op die lyn uitknip.



- Hou hulle op 'n veilige plek vir môre, jy gaan hulle weer gebruik!

Laerskool Mikro Kopiereg ©

# Die einde



Laerskool Mikro Kopiereg ©